
# Stort Jou Aanbidding Uit





**2020-12-27**
**AGS Rayton**
**Past Gustav van Aardt**

**DIE MAALTYD IN BETANIË**

- Mat 26:6 En toe Jesus in Betánië was in die huis van Simon, die melaatse,
- Mat 26:7 kom ‘n vrou na Hom met ‘n albaste fles met baie kosbare salf, en sy gooi dit op sy hoof uit terwyl Hy aan tafel was.
- Mat 26:8 En toe sy dissipels dit sien, was hulle verontwaardig en sê: Waarvoor is hierdie verkwisting?
- Mat 26:9 Want hierdie salf kon duur verkoop en die geld aan die armes gegee geword het.
- Mat 26:10 Maar toe Jesus dit merk, sê Hy vir hulle: Waarom val julle die vrou lastig? Want sy het ‘n goeie werk aan My gedoen.
- Mat 26:11 Want die armes het julle altyd by julle, maar My het julle nie altyd nie.
- Mat 26:12 Want toe sy hierdie salf op my liggaam uitgegooi het, het sy dit gedoen met die oog op my begrafnis.
- Mat 26:13 Voorwaar Ek sê vir julle, oral waar hierdie evangelie verkondig sal word in die hele wêreld, sal ook gespreek word van wat sy gedoen het, tot ‘n gedagtenis aan haar.

## Jesus aan huis van Simon die melaatse

- Simon was moontlik deur Jesus genees.
- Wou dankbaarheid betoon aan Jesus
- Christus is bereid om na sy huis toe te kom.
- Melaats = simbolies van ons onreinheid.

**Mat 26:6** En toe Jesus in Betánië was in die huis van Simon, die melaatse,

## Vrou met 'n albaste fles

- Die vrou was moontlik Maria Magdalena, suster van Martha en Lasarus.

**Mat 26:7** kom 'n vrou na Hom met 'n albaste fles met baie kosbare salf, en sy gooi dit op sy hoof uit terwyl Hy aan tafel was.



## Olie op hoof

- In daardie dae was die uitgooi van olie of salf oor iemand se kop – grootste teken van respek en eer.
- Wonderlike reuk en het jou kop vars laat voel.

**Psa 23:5** U berei die tafel voor my aangesig teenoor my teëstanders; U maak my hoof vet met olie; my beker loop oor

## ‘n Nuwe Koning word gesalf

- Jehu word gesalf as koning:
  2Ki 9:3 neem dan die kruik met olie en giet dit op sy hoof uit en sê: So spreek die HERE: Ek salf jou tot koning oor Israel.
- Hierdie vrou salf Jesus as haar Koning deur haar gebaar.
- Sy dui aan dat sy Jesus erken as die gesalfde Een.
- Geloof

## Gaan eers bietjie Terug in Tyd na Luk 7




## Sondes moet eers vergewe wees….

- Voor aanbidding
- Ons vind heel moontlik dieselfde vrou by Jesus se voete in Lukas 7.



**Die sondares wat die voete van Jesus gesalf het**

- Luk 7:36 En een van die Fariseërs het Hom genooi om by hom te eet; en Hy het in die huis van die Fariseër gekom en aan tafel gegaan.
- Luk 7:37 En toe 'n vrou in die stad, wat 'n sondares was, verneem dat Hy in die Fariseër se huis aan tafel was, het sy 'n albaste fles met salf gebring
- Luk 7:38 en agter by sy voete gaan staan en geween; en sy het sy voete begin natmaak met haar trane en hulle afgedroog met die hare van haar hoof; en sy het sy voete gesoen en met salf gesalf.
- Luk 7:39 Toe die Fariseër wat Hom genooi het, dit sien, sê hy by homself: Hy, as Hy 'n profeet was, sou geweet het wie en watter soort vrou dit is wat Hom aanraak; want sy is 'n sondares.
- Luk 7:40 En Jesus antwoord en sê vir hom: Simon, Ek het iets om aan jou te sê. En hy antwoord: Meester, spreek.
- Luk 7:41 Hy sê toe: 'n Sekere geldskieter het twee skuldenaars gehad; die een het vyf honderd pennings geskuld en die ander een vyftig;
- Luk 7:42 en omdat hulle niks gehad het om te betaal nie, het hy dit aan altwee geskenk. Sê nou, wie van hulle sal hom die meeste liefhê?

- Luk 7:43 En Simon antwoord en sê: Ek veronderstel dié een aan wie hy die meeste geskenk het. En Hy antwoord hom: Jy het reg geoordeel.
- Luk 7:44 Daarop draai Hy om na die vrou en sê vir Simon: Sien jy hierdie vrou? Ek het in jou huis gekom—water het jy nie vir my voete gegee nie; maar sy het met haar trane my voete natgemaak en met die hare van haar hoof afgedroog.
- Luk 7:45 'n Soen het jy My nie gegee nie; maar sy het, vandat sy ingekom het, nie opgehou om my voete te soen nie.
- Luk 7:46 Met olie het jy my hoof nie gesalf nie; maar sy het my voete met salf gesalf.
- Luk 7:47 Daarom sê Ek vir jou: Haar sondes wat baie is, is vergewe, want sy het baie liefgehad; maar hy vir wie weinig vergewe is, het weinig lief.
- Luk 7:48 En Hy sê vir haar: Jou sondes is vergewe.
- Luk 7:49 Toe begin die wat aan tafel was, by hulleself te sê: Wie is hierdie man wat selfs die sondes vergewe?
- Luk 7:50 En Hy sê vir die vrou: Jou geloof het jou gered; gaan in vrede.

## Ware berou is nodig

Luk 7:37 En toe 'n vrou in die stad, wat 'n sondares was, verneem dat Hy in die Fariseër se huis aan tafel was, het sy 'n albaste fles met salf gebring
Luk 7:38 en agter by sy voete gaan staan en geween; en sy het sy voete begin natmaak met haar trane en hulle afgedroog met die hare van haar hoof; en sy het sy voete gesoen en met salf gesalf.



## Ons nooi dalk vir Jesus in, maar eer en respekteer ons Hom?

Luk 7:44 Daarop draai Hy om na die vrou en sê vir Simon: Sien jy hierdie vrou? Ek het in jou huis gekom—water het jy nie vir my voete gegee nie; maar sy het met haar trane my voete natgemaak en met die hare van haar hoof afgedroog.

Gee ons aan Jesus wat Hom toekom?



**Rom 1:25** hulle wat die waarheid van God verruil het vir die leuen en die skepsel vereer en gedien het bo die Skepper wat geprys moet word tot in ewigheid. Amen.

**Rom 1:21** omdat hulle, alhoewel hulle God geken het, Hom nie as God verheerlik of gedank het nie; maar hulle het dwaas geword in hul oorlegginge, en hul onverstandige hart is verduister.

Buig ons nog voor Jesus?



Om Sy voete te was beteken jy sal moet buig voor Hom. Gedurig!



## Gaan weer vorentoe in Tyd na Mat 26



## Die vrou kom terug en stort haar liefde uit

- Stort jou liefde uit oor Jesus
- As jy vergewe is en gered is sal jy ALTYD terugkom na Jesus en Hom aanbid en dankie sê.
- Waar jy waarlik lief is vir Jesus, sal geen prys ooit te veel vir jou wees om te betaal nie – selfs baie duur salf of olie.

## Nie almal sal altyd verstaan as jy aanbid en aan Jesus gee nie.

- Die dissipels neem aanstoot. Dink dit was ‘n mors van geld.
- Moet nooit dink dat wat jy uitstort op Koning Jesus - aanbidding, jou tyd of selfs wat jy gee ‘n mors nie.
- Altyd die moeite werd.

## Waar is jou fokus?

- Verheerlik Jesus Christus en aanbid Hom
  - Deur middel van jou tyd, talente, krag, energie, seëninge, besittings, die vrug wat jy dra ens ens
- Brei die Koninkryk van God uit.
- Hy moet die middelpunt bly.
- Aanbidding.

## Hoe lief het ons Jesus

**Mar 14:3** En toe Hy in Betánië was, in die huis van Simon, die melaatse, terwyl Hy aan tafel was, kom daar 'n vrou met 'n albaste fles met egte, baie kosbare nardussalf; en sy breek die albaste fles en gooi dit op sy hoof uit.
**Mar 14:8** Wat sy kon, het sy gedoen. Sy het vooruit al my liggaam vir die begrafnis gesalf.

Die alabaste fles was slegs gebreek deur 'n vrou, met die dood van 'n man in die huis wat vir haar die belangrikste was. Teken van haar liefde - meer as enige iets anders.

## Hoe lyk jou aanbidding?

- Hoe vol is jou alabaste fles?
- Is jy bereid om dit te breek vir Jesus en Hom bo alles te stel?
- Is jy bereid om jou aanbidding uit te stort op Jesus?
- Is jy bereid om jou alabaste fles te breek vir Jesus?
- Was en soen jy Sy voete?
- Gooi jy olie uit oor Sy hoof?



## "Pour My Love On You"

I don't know how to say exactly how I feel
And I can't begin to tell you what your love has meant
I'm lost for words
Is there a way to show the passion in my heart
Can I express how truly great I think you are
My dearest friend
Lord, this is my desire
To pour my love on You

Like oil upon your feet
Like wine for you to drink
Like water from my heart
I pour my love on you
If praise is like perfume
I'll lavish mine on you
Till every drop is gone  I'll pour my love on you

Is there a way to show the passion in my heart
Can I express how truly great I think you are
My dearest friend
Lord, this is my desire
To pour my love on you

# Afsluiting

Psa 145:1 ‘n Loflied van Dawid. o My God, o Koning, ek wil U verhoog en u Naam loof vir ewig en altyd.
Psa 145:2 Elke dag wil ek U loof en u Naam prys vir ewig en altyd.
Psa 145:21 My mond sal die lof van die HERE uitspreek, en laat alle vlees sy heilige Naam loof vir ewig en altyd.